

N.G. Gemeente Vaalpark

**Gebedsbulletin no 38**

**22 September 2024**

## Geloof wat ons anker

**Die Christelike geloof gaan nie oor lekker gevoelens nie. Dit gaan nie oor filosofieë en idees nie. Dit is ook nie 'n soeke na 'n soort finale waarheid en doel nie. Dit is nie een van baie opsies wat jou help om die lewe te kan hanteer nie, of wat jou na rykdom en sukses lei nie. Die Christelike geloof is 'n historiese geloof. Dit is gegrond op – en word bevestig deur – ware historiese gebeure wat plaasgevind het. Dit draai daarom om jou oë op Jesus te hou, wat regtig gelewe het, regtig gesterf het, en regtig opgestaan het. Mense word nie opgeroep om te glo nie, maar om in Jesus te glo! En daar is 'n gróót en belangrike verskil…**
**Petrus herinner die gelowiges, te midde van die vervolging en swaarkry dat hulle in die waarheid geanker moet bly. Paulus skryf iets soortsgelyks in sy brief aan Timoteus: "Om dié rede ly ek ook hierdie dinge. Maar dit skrik my nie af nie, want ek weet op Wie ek vertrou, en ek is daarvan oortuig dat Hy magtig is om wat Hy aan my toevertrou het, tot op die dag dat Hy weer kom, in stand te hou."**
**Wanneer jy die Bybel lees sal jy op mense afkom met gebreke, mense wat hulle geloof in werklike situasies uitleef. Jy sal van hulle worsteling en mislukkings lees, en ook van hulle oorwinnings.**
**Ons hou almal van bergtop-ervarings, maar ons almal het ook al die donker dieptes beleef. Daar gebeur dinge wat ek moeilik verstaan, maar dit verander nie een oomblik wat ek glo nie.Dit is nie my geloofsbelewenis van die oomblik wat saakmaak nie, maar eerder die Een in wie ek glo. Waar in moedig Paulus die gelowiges aan om hulle geloof te plaas, selfs as hulle vervolg word? Slegs in die waarheid van God, soos dit deur Jesus Christus geopenbaar is. – Dennis Loots.**
**Paulus se gebed vir die gelowiges in Efese: "Ek bid dat Hy deur Sy Gees uit die rykdom van Sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees."**
**Ef 3:16,17.**
**"Geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus."**
**Rom 10:17**
**"Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuienis rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van ons geloof."**
**Hebr 12:1-3**
**"Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want Hy wat na God toe gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner van die wat Hom soek."**
**Hebr 11: 6**
**"Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My."**
**Joh 14:1**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat ons regering en almal in gesagsposisies in belyning met God se hart en doel vir Suid Afrika en sy mense en vir die nasies sal kom. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart. SA draai terug na God toe!
- Vir ons skoliere, studente wat nou met vakansie is.

**Gebedsversoeke**

| | |
|---|---|
| • Lottie Conradie | Tannie Lenie du Plessis |
| • Annie Brink | Tannie Rina van der Vyver |
| • Jaco Steenkamp | Rudi Kruger |
| • Tannie Marinda Jordaan | Tannie Bets Coetzee |
| • Johnny Viviers | Cedric Wiegand |
| • Annika Killian | Jaap Naudé |
| • Leonie Kruger | Willie Viljoen |
| • Jillian Jansen | Johan Zulch |
| • Ivan Garacki | Adri Botha |
| • Reinhardt Jansen van Rensburg | Willie Britz |

**Dink in gebed aan die Rosslee familie met die afsterwe van oom Jozua Rosslee**

## Gedagte vir die week

**Geloof bring eer aan God en God eer geloof!**

## Stuur Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org